AfriForum

2023

# MUNISIPALEVULLISTERREIN-OUDITVERSLAG




deur

**LAMBERT DE KLERK**

Bestuurder: Omgewingsake














*FOTOGRAAF: PHILIP ROBINSON*

# ’n Woord van dank

Baie dankie aan AfriForum se personeel en al die AfriForum-takke regoor Suid-Afrika wat hierdie projek moontlik gemaak het.

Dankie aan elke individuele lid van AfriForum vir deelname aan hierdie nasionale projek en dankie dat julle die visie van volhoubare ontwikkeling en verantwoordelike afvalbestuur in Suid-Afrika met ons deel.

Dankie ook aan elke munisipaliteit wat leiding in Suid-Afrika neem, hulle werk onberispelik doen deur te verseker dat afval op verantwoordelik wyse bestuur word, en dus voldoen aan toepaslike wetgewing en lisensies vir die bestuur van afval. Hierdie munisipaliteite moet beloon word vir die feit dat hulle hul gemeenskappe en die omgewing teen besoedeling en gevaar beskerm.

AfriForum bedank die Departement van Bosbou, Vissery en Omgewingsake (Engels: Department of Forestry, Fisheries and Environment – DFFE) se afvalbestuursafdeling en die minister wat die projek ondersteun, hulp verleen met die samestelling van die nuwe vullisterreinouditlys en hul provinsiale taakspan beskikbaar stel om aan takoudits deel te neem.

Hierdie dokument is ’n projek van AfriForum se #SkoonSA-inisiatief en is geloods deur AfriForum Gemeenskapselfstandigheid se omgewingsake-afdeling.

# Inhoud

***Inleiding*** ........ ***5***

***Die feite*** ........ ***6***

***Vullisterreine*** ........ ***7***
Klassifikasie van vullis ........ 7

***Die probleem*** ........ ***8***
Probleme met vullisterreine ........ 8

***Die projek*** ........ ***9***

***Resultate*** ........ ***10***

***Vraelys*** ........ ***27***

***Wat is tot dusver bereik?*** ........ ***30***
Skakeling met nasionale, provinsiale en plaaslike regerings ........ 30
Hofsake ........ 31
Uitdagings ........ 31

***Aksieplan*** ........ ***32***

***Alternatiewe oplossings vir vullisterreine*** ........ ***33***
Herwinning ........ 33
OPV's ........ 33

***Wat sê die kenners?*** ........ ***34***

***Samevatting*** ........ ***35***

# Inleiding

Die burgerregteorganisasie AfriForum het in Mei 2014 die #SkoonSA-inisiatief geloods. Dié projek streef na positiewe verandering in die bestuur van afval oor die hele Suid-Afrika heen, asook om betrokke amptenare verantwoordbaar te hou en samewerking te kweek tussen gemeenskappe en die drie regeringsfere, naamlik die Departement van Bosbou, Vissery en Omgewingsake (DFFE) op nasionale vlak, die verskeie provinsiale departemente op provinsiale vlak en die munisipaliteite op plaaslike vlak. Laasgenoemde is vanuit die oogpunt van vullisbestuur die belangrikste en ook die regeringsvlak wat die naaste aan gemeenskappe funksioneer. Met die #SkoonSA-inisiatief wil AfriForum gemeenskappe toerus met oplossinggedrewe benaderings. Daarom span AfriForum ook die nuutste tegnologie en prosesse in om die toenemende hoeveelhede vullis doeltreffend te hanteer en verwerk met laer besoedelingsvlakke en doeltreffender herwinning.

AfriForum se vullisterreinouditprojek het uit hierdie inisiatief gespruit. Die oudit het ten doel om vas te stel tot watter mate sowel wettige as onwettige vullisterreine in die munisipaliteite waarin AfriForum se 160 takke regoor die land gesetel is, aan die minimum nakomingsvereistes voldoen, en of dié nakoming met hul afvalbestuurslisensies ooreenstem. AfriForum wil ook met hierdie projek leiding neem met vullisbestuur omdat AfriForum die enigste organisasie is wat hierdie soort data bekend maak oor die stand van sake rakende Suid-Afrika se vullisterreine. Faktore soos ontoereikende afvalbestuur, die ineenstorting van infrastruktuur, korrupsie, gesondheids- en veiligheidskwessies en ’n tekort aan lugruimte vir vullis, asook wêreldwye kwessies soos klimaatsverandering en besoedeling, het AfriForum genoodsaak om met hierdie projek te begin om sowel Suid-Afrikaners se grondwetlike regte as die ekologie te beskerm. AfriForum is van mening dat weinig munisipaliteite die afvalregulasies nakom en dat daar by plaaslike owerhede ’n gebrek aan aanspreeklikheid vir behoorlike afvalbestuur, monitering en lisensiëring sigbaar is.

Vir die doel van hierdie verslag is afvalbestuurspraktyke in die spesifieke munisipaliteite geëvalueer. Die doel was om te bepaal of verantwoordelike bestuur plaasvind en om te verseker dat aanbevelings vir bestepraktykvereistes, asook omgewings-, gesondheids- en veiligheidsvereistes nagekom word. Elke munisipaliteit se ouditresultate is ontleed en verwerk tot ’n punt uit 100 om nakomingsprestasie te meet. Dié resultate word in hierdie ondersoekverslag vervat.

AfriForum het hierdie jaar ook in gesprek getree met organisasies soos die WNNR en die IWMSA om vas te stel wat hul behoefte is en of daar ander faktore is waarop ons ook in die oudit moet fokus. Hierdie insette het dit moontlik gemaak om meer spesifieke data te begin insamel om ’n beter begrip te vorm oor die verwagte lewensduur van sekere terreine. Die bevindinge is kommerwekkend.



*Plakkershutte waarin mense op die Klerksdorp-vullisterrein in Noordwes woon*




*'n Pragvullisterrein in Tzaneen met 'n werkende weegbrug, heining en volledige infrastruktuur*

# Die feite

Volgens Suid-Afrika se Grondwet is afvalbestuur 'n diens wat deur plaaslike regerings gelewer moet word.

Die bestuur van huishoudelike afval in Suid-Afrika kom tans voor vele uitdagings te staan, waaronder wetstoepassing, bestuur (onder meer finansiële en personeelbestuur, asook die bestuur van toerusting) en institusionele gedrag (bestuur en beplanning).

Die Suid-Afrikaanse afvalbestuurstrategie is gegrond op 'n reeks wette wat daarop gemik is om omgewingsbesoedeling te bestuur en te voorkom. Die toepaslikste van hierdie wette is die volgende:

- **Die Wet op Gevaarhoudende Stowwe 15 van 1973, wat die behandeling en vernietiging van gevaarlike stowwe reguleer**
- **Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur 107 van 1998**
- **Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Afval 59 van 2008 wat afvalbestuur in Suid-Afrika reguleer**

Verder vereis die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels 32 van 2000 dat afvalbestuursdienste op 'n finansieel en omgewingsverantwoordelike wyse aan alle plaaslike gemeenskappe verskaf word om toeganklikheid van basiese dienste en volhoubare afvalbestuur te bevorder.

Daar kan min fout gevind word met die Suid-Afrikaanse wetgewing om afval na behore te bestuur. Dit lyk egter nie of die toepaslike wetgewing toegepas of afgedwing word nie.

Die regering word deur die Grondwet verplig om die regte, soos uiteengesit in artikel 24 van die Grondwet, te handhaaf deur middel van staatsorgane wat vir die inwerkingstelling van afvalwetgewing verantwoordelik is. Die regering moet eenvormige maatreëls instel wat daarop gemik is om die hoeveelheid afval te verminder wat gegenereer word en te verseker dat afval waar moontlik hergebruik, hersirkuleer en op 'n omgewingsvriendelike wyse herwin word, of veilig behandel en vernietig word.

# Vullisterreine

'n Vullisterrein/stortingsterrein is 'n plek waar vullis herwin word, of gestort, gelyk gemaak, met sand bedek en gelaat word om te vergaan. Vullisterreine word ook afvalhope, asgate, vullishope of vullingsterreine genoem. Hierdie terreine behoort op plekke geleë te wees waar afval bestuur kan word sonder om mense se gesondheid te benadeel of skade aan die omliggende omgewing te berokken. Dit is daarom onwettig om afval te stort op plekke wat nie deur die DFFE as vullisterreine geoormerk en gelisensieer is nie. Daar is wel gevalle in landelike gebiede met 'n lae bevolkingsdigtheid waar gemeenskapshope of eie asgate gebruik mag word. Hierdie tipe terreine benodig nie 'n lisensie nie, maar moet gereeld deur die plaaslike owerheid besoek word om seker te maak dat dit nie 'n negatiewe omgewings- of gesondheidsimpak het nie.

Kragtens artikel 9(1) van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Afval 59 van 2008, moet 'n munisipaliteit sy uitvoerende gesag aanwend om afvalbestuursdienste – insluitende afvalverwydering en die berging en vernietiging van afval – te lewer op so 'n wyse dat dit nie in stryd is met nasionale en/of provinsiale standaarde nie.

'n Oorlaaistasie (Engels: "waste transfer facility") is 'n fasiliteit wat gebruik word om afval bymekaar te maak en tydelik te stoor voordat dit na 'n herwinnings-, behandelings- of afvalverwyderingsfasiliteit vervoer word.

## Klassifikasie van vullis

Vullis word in twee kategorieë verdeel, naamlik algemene en gevaarlike afval.

1. **Algemene vullis** (ook huishoudelike afval genoem) is vullis uit stedelike gebiede, hoofsaaklik afkomstig van huise, kantore en bouterreine. Dit sluit in bourommel, tuinvullis, huishoudelike vullis en ander afval uit dorpe en stede. Die insameling, vervoer en bestuur van vullis in stedelike gebiede is die plaaslike owerheid se verantwoordelikheid. Die plaaslike raad moet 'n deel van die geld wat hulle van inwoners binne hulle munisipale jurisdiksie verhaal, aanwend om hierdie diens te lewer. Met ander woorde, as jy jou maandelikse munisipale rekening betaal, betaal jy reeds om jou vullis te laat verwyder. Algemene vullis word gestort by algemene vullisterreine wat met (G) op amptelike dokumente aangedui word. Daar word egter nie meer onderskeid getref tussen G- en H-terreine nie. Alle terreine word nou geklassifiseer as klas A-, B-, C- of D-terreine. Verwys na die Norme en Standaarde vir die wegdoening van afval op stortterreine wat reeds in 2013 in werking getree het (SK 36784 R636 van 23 Augustus 2013).




*Gevaarlike mediese vullis wat gestort is by die Springbok-vullisterrein in die Noord-Kaap*



Munisipale afval moet op 'n klas B-terrein gestoor word en gevaarlike afval op 'n klas A-terrein. Klas C is geoormerk vir ná-verbruikverpakkingsmateriaal en afvalbande. Klas D is slegs vir bourommel en grond van uitgrawings wat nie gekontamineer is nie.

2. **Gevaarlike vullis** is afval wat die omgewing kan besoedel en mense se gesondheid kan benadeel. Hierdie vullis kom van fabrieke, myne en hospitale, en sluit in giftige stowwe (toksiese vullis), kiemdraende vullis en vullis wat kan ontplof of maklik aan die brand kan raak. Gevaarlike vullis word geklassifiseer van 1 (baie gevaarlik) tot 10 (effens gevaarlik) en dit mag slegs by terreine gestort word wat geskik is om dit te hanteer. Sulke terreine word met (H:h) of (H:H) op amptelike dokumente aangedui. Die klassifikasie van gevaarlike afval het ook in 2013 verander (verwys na

SK 36784 R 635 van 23 Augustus 2013). Regulasie 636 verwys nou na vyf tipes afval. Tipe 0 mag nie onbehandel op stortterreine gestort word nie. Tipe 1 mag slegs op klas A-terreine gestort word, tipe 2 op klas B-, tipe 3 op klas C- en tipe 3 op klas D-terreine. Daar is ook nou beperkings op die storting van sekere afvalstowwe terwyl ander totaal verbied word op stortterreine.

**Belangrik: Hierdie verslag fokus slegs op munisipale of privaat vullisterreine vir algemene vullis. Daar word egter ook gevaarlike vullis soos karkasse, rioolvuil, mediese afval en ander soorte gevaarlike vullis aangetref op sekere algemene vullisterreine waarna daar in hierdie verslag verwys word. Dit gebeur wel soms in sekere gevalle dat klein hoeveelhede gevaarlike en mediese afval wettig op munisipale terreine beland wanneer dit van huishoudings afkomstig is en in munisipale vullisdromme gegooi word.**

# Die probleem

Vullis uit enige stedelike gemeenskap skep nie slegs ’n estetiese probleem nie, maar hou ook ernstige gesondheidsrisiko’s in indien dit nie beheer word nie. Dié risiko’s word vererger indien die afval gevaarlike stowwe bevat.

Plaaslike owerhede kan en behoort strafregtelik aanspreeklik gehou te word vir optrede of nalatigheid wat mense se gesondheid nadelig beïnvloed of besoedeling veroorsaak. Plaaslike owerhede kan ook sivielregtelik aanspreeklik gehou word vir verwante finansiële koste, veral waar dit verband hou met die sluiting of rehabilitasie van vullisterreine en die rehabilitasie van besoedelde grond wat vir stedelike ontwikkeling bedoel is.

Die vullis wat mense in stede genereer, kan nadelige gevolge vir hul gesondheid en die omgewing inhou indien:

- **die vullisterreine geleë is naby aan waar mense woon;**
- **die vullisterreine swak ontwerp en ontwikkel is (byvoorbeeld waar uitgeloogde of giftige water in die grondwaterreservoirs en riviere beland);**
- **die vullisterreine swak bestuur word (byvoorbeeld as dit nie omhein is nie, geen toegangsbeheer plaasvind nie, dierkarkasse daar rondlê, daar gereeld brande op die terrein is of as die vullis nie daagliks behoorlik met sand bedek en gekompakteer word nie); of**
- **die vullis nie na behoorlik bestuurde vullisterreine geneem word nie, maar onwettig op oop terreine gestort word.**

## Probleme met vullisterreine

Daar is ’n aantal risiko’s en gevare vir mense wat naby vullisterreine woon of werk. Dit sluit die volgende in:

- **Vullisterreine kan baie onveilig, lawaaierig, onwelriekend en visueel onaantreklik wees.**
- **Voertuie wat vullis op- of aflaai, kan veiligheidsrisiko’s inhou.**
- **Selfontbranding en brande op die terreine kan die lug besoedel.**
- **Besoedeling op die terrein kan die omliggende natuurlike waterbronne en grond besoedel.**
- **Mense kan siek word indien hulle die besoedelde lug inasem, giftige water drink of kos eet wat in vergiftigde grond gekweek is.**
- **Mense kan siektes soos kanker of asma en ander long- en borskwale ontwikkel.**
- **Geboortedefekte kan voorkom en kinders wat naby vullisterreine grootword, kan swak en sieklik wees.**
- **Vullisterreine lok kiem- en siektedraende gediertes en insekte soos rotte, muise en vlieë, wat siektes kan oordra aan mense wat in direkte aanraking daarmee kom.**

# Die projek

Verskeie gemeenskappe het aan die projek deelgeneem deur inspeksie te doen van hul plaaslike vullisterreine en 33 vrae (wat saam 25 punte tel) daaroor te beantwoord. Dit het bygedra tot die gegewens wat gebruik is om die oudit van voldoening aan die minimum vereistes vir vullisterreine op te stel. Hulle is vergesel deur AfriForum se provinsiale koördineerders en verskeie ander belanghebbendes, waaronder munisipale amptenare, die media en diensverskaffers.

Die DFFE se direkteur-generaal van afvalbestuur het die kontakbesonderhede van die departement se provinsiale afvalbestuursbeamptes aan AfriForum beskikbaar gestel sodat hulle na die vullisterreinoudits uitgenooi kon word. Hulle is ook beskikbaar om AfriForum ná afloop van die projek by te staan.

AfriForum het aan verskeie gesprekke deelgeneem met organisasies soos die WNNR en IWMSA wat AfriForum versoek het om meer data tydens die ouditproses aan te vra omdat daar geen ander data as AfriForum s'n beskikbaar is nie.

Die data waarna ekstra gekyk is die jaar is soos volg:

- **Hoeveel van die herwinners is op die terrein? 0, 1 tot 50, 50 tot 100, 100 tot 200, 200 of meer?**
- **Wat is die ontwerpte kapasiteit van die terrein (verkieslik in m³)?**
- **Hoeveel van die ontwerpte kapasiteit is tot op hede gebruik?**
- **Wat is die tempo van afsetting (ton per dag)?**
- **Wat is die oorblywende lewensduur van die terrein voor sluiting (in jare)?**
- **Wanneer laas is 'n opname van die terrein gemaak om die oorblywende kapasiteit te bepaal?**

By bykans elke vullisterrein wat gelisensieer is, word 'n vereiste gestel dat onafhanklike partye of organisasies die terrein jaarliks moet oudit. AfriForum is met hierdie projek goed geposisioneer om as 'n gemeenskapswaghond 'n betroubare oudit op die verskeie plaaslike vullisterreine te doen.

Deelnemers is aangemoedig om foto's te neem as bewyse om die studie se geloofwaardigheid te verhoog. 'n Finale punt word bereken deur een punt toe te ken vir elke kategorie wat aan die minimum vereistes voldoen. Die eindresultaat is met vier vermenigvuldig om 'n nakomingspunt uit 100 te verkry.

*Voorbeeld: 15 van die 33 vrae (met 'n somtotaal van 25 punte) voldoen aan die vereistes. (L.W.: Sekere punte dra meer gewig as ander weens die belangrikheid van die spesifieke vereistes.)*

*Dus:*

*15 x 4 = 60%*

Elke munisipaliteit wat meer as 80% behaal, sal 'n sertifikaat van waardering van AfriForum ontvang. Terreine wat uitnemend bestuur word, kan selfs 100% behaal. Daardie terrein(e) sal spesiale erkenning ontvang tesame met 'n wisseltrofee waarop die betrokke munisipaliteit se naam aangebring word.

Verwys asseblief na die aksieplan wat verband hou met munisipaliteite wat 'n telling van minder as 80% ontvang het.

In 2016 het privaat vullisterreinmaatskappye AfriForum genader om die privaat sektor se standaarde ten toon te stel. AfriForum het sedert 2016 jaarliks voortgegaan om die vullisterreinouditprojek by die privaat sektor se vullisterreine ook uit te voer en die resultate met dié van die staat te vergelyk.

# Resultate

AfriForum se oudits in voorafgaande jare vanaf 2014 by vullisterreine regoor Suid-Afrika was soos volg:

- **2014: 83 terreine**
- **2015: 56 terreine**
- **2016: 83, waarvan 3 in die privaat sektor is**
- **2017: 105, waarvan 3 in die privaat sektor is**
- **2018: 114, waarvan 5 in die privaat sektor is**
- **2019: 127, waarvan 3 in die privaat sektor is**
- **2020: 135, waarvan 3 in die privaat sektor is**
- **2021: 153, waarvan 4 in die privaat sektor is**
- **2022: 162, waarvan 4 in die privaat sektor is**
- **2023: 161, waarvan 4 in die privaat sektor is**

Die merkwaardigste waarneming was dat daar verskeie terreine is wat toegemaak het en ook ander wat volgens hulle lisensievoorwaardes reeds toegemaak moes wees, maar steeds oop is. Dit is kommerwekkend omdat dit nou al vir twee opeenvolgende jare so is. Daar is selfs vir een van die terreine al in 2013 'n kennisgewing uitgereik dat dit toegemaak moet word, maar dit is steeds operasioneel. Die resultate van vullisterreinoudits van 2014 tot 2018 is uitgehaal in vanjaar se verslag weens die grootte van die verslag, maar kan op versoek verskaf word. Die terreine wat tussen 2019 en 2022 geoudit is, word ook in hierdie verslag vervat sodat dit met die 2023-resultate vergelyk kan word. Die resultate word soos volg opgesom:

Slegs 28 van die 161 vullisterreine wat vir die nuutste verslag geoudit is (17,5%) het aan 80% of meer van die minimum vereistes vir vullisterreine voldoen. Dit beteken dat 133 vullisterreine binne munisipaliteite (82,5%) nie aan die minimum vereistes voldoen het nie. Dit dui duidelik op groot gebreke rakende die stelsels en persone wat vir behoorlike afvalbestuur oor die hele land verantwoordelik is.

Dit toon ook dat daar in vergelyking met 2022 ietwat van 'n daling is in die aantal terreine wat aan 80% of meer van die minimum vereistes vir vullisterreine voldoen het. Dit is ook kommerwekkend as 'n mens in ag neem dat die minister van DFFE die verslag ontvang en daar geen stappe gedoen word teen die betrokke munisipaliteite nie.

In die tabel hieronder word die aantal vullisterreine aangedui wat in elke provinsie geoudit is, asook die aantal wat die minimum vereistes vir vullisterreine nakom of nie nakom nie.




*Tabel 1: Statistieke oor die nakoming/nienakoming van minimum vereistes deur vullisterreine, per provinsie*

| Provinsie | Aantal vullisterreine wat geoudit is | | | | | Aantal vullisterreine wat aan meer as 80% van die minimum vereistes voldoen | | | | | Aantal vullisterreine wat nie aan die minimum vereistes voldoen nie | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 |
| **Gauteng** | 21 | 16 | 17 | 19 | 15 | 11 | 11 | 9 | 11 | 3 | 10 | 5 | 8 | 8 | 12 |
| **KwaZulu-Natal** | 7 | 8 | 9 | 9 | 10 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 5 | 7 | 8 | 8 | 9 |
| **Limpopo** | 12 | 9 | 11 | 15 | 14 | 4 | 1 | 1 | 2 | 2 | 8 | 8 | 10 | 13 | 12 |
| **Mpumalanga** | 25 | 19 | 21 | 22 | 22 | 2 | 0 | 1 | 0 | 1 | 23 | 19 | 20 | 22 | 21 |
| **Noord-Kaap** | 12 | 15 | 16 | 18 | 17 | 2 | 0 | 1 | 1 | 0 | 10 | 15 | 15 | 17 | 17 |
| **Noordwes** | 14 | 18 | 21 | 23 | 23 | 1 | 2 | 2 | 3 | 5 | 13 | 16 | 19 | 20 | 18 |
| **Oos-Kaap** | 6 | 6 | 7 | 6 | 8 | 2 | 1 | 0 | 0 | 2 | 4 | 5 | 7 | 6 | 6 |
| **Vrystaat** | 20 | 25 | 24 | 25 | 27 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 20 | 25 | 24 | 25 | 27 |
| **Wes-Kaap** | 9 | 19 | 27 | 25 | 25 | 4 | 8 | 12 | 12 | 14 | 5 | 11 | 15 | 13 | 11 |
| **Nasionale totaal** | 127 | 135 | 153 | 162 | 161 | 28 | 24 | 27 | 30 | 28 | 99 | 111 | 126 | 132 | 133 |




*Die Hatherley-vullisterrein net buite Pretoria in Gauteng*





*Figuur 1: Aantal vullisterreine per provinsie wat in die 2023-verslag nie aan minimum vereistes voldoen nie*

In figuur 2 word die persentasie aangetoon van alle vullisterreine in die land wat in 2023 aan die minimum vereistes vir vullisterreine voldoen het of nie daaraan voldoen het nie in die oudit wat deur AfriForum gedoen is.




*Figuur 2: Persentasie van getoetste vullisterreine wat in 2023 aan minimum vereistes voldoen/nie voldoen nie wat deur AfriForum geoudit is*

In die kolomgrafiek hieronder (figuur 3) word 2014 tot 2023 se ouditresultate met mekaar vergelyk. Daar word nie in die grafiek aangedui of die toestand van vullisterreine verbeter of verswak het nie.




*Figuur 3: Vergelyking van die aantal vullisterreine se nakoming en nienakoming in 2014, 2015, 2016, 2017, 2018, 2019, 2020, 2021, 2022 en 2023*



Tabel 2 hieronder toon die persentasie wat aan individuele vullisterreine toegeken is vanaf 2019 tot en met 2023 op grond van die vullisterreinouditvraelys van elke individuele munisipaliteit.

*Tabel 2: AfriForum-oudittellings vir die tydperk 2019–2023*

| | |
|---|---|
| **Vullisterrein met permit** | |
| **Vullisterrein sonder permit** | (oranje) |
| **Privaat vullisterrein** | (rooi) |
| **Oorlaaistasie** | (groen) |

| LIMPOPO | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Naam van tak/vullisterrein** | **Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling** | **Lisensienommer** | **Nakoming (%)** | | | | | **Aantal herwinners** |
| | | | **2019** | **2020** | **2021** | **2022** | **2023** | |
| Ellisras | Lephalale PM | - | 16 | 22 | 16 | 18 | 82 | 0–50 |
| Groblersdal | Elias Motsoaledi PM | 12/4//10-B/10M2 | 98 | - | 66 | 66 | 73 | 0–50 |
| Hoedspruit (Maruleng) | Maruleng PM | 12/9/11/L207/5 | 20 | - | 12 | 14 | 28 | 50–100 |
| Marble Hall | Ephraim Mogale PM | 16/2/7/B300/D58/ZI/P261 | 84 | 78 | 72 | 80 | 61 | 0–50 |
| Musina | Musina PM | 12/4/10/8/B/8N4 | - | - | - | 66 | 20 | 0–50 |
| Naboomspruit | Mookgophong PM | 16/2/7/A600/D7/Z2/P399 | 34 | 30 | 12 | 28 | 24 | 100-200 |
| Nylstroom | Modimolle PM | 16/2/7/A600/D2/Z1/P380 | 0 | 4 | 4 | 6 | 22 | 0–50 |
| Phalaborwa | Ba-Phalaborwa PM | 16/2/7/B700/016/21/P276 | 36 | 54 | 64 | 72 | 60 | 0–50 |
| Polokwane | Polokwane PM | 16/2/7/A700/D3/Z2/P319 | - | - | - | 74 | 50 | 50–100 |
| Potgietersrus | Mogalakwena PM | 16/2/7/A600/C27/Z3/A1 | - | - | - | 50 | 0 | 50–100 |
| Roedtan | Mookgophong PM | 16/2/7/A600/D23/Z1/P262 | - | - | 0 | 4 | 0 | 0–50 |
| Thabazimbi | Thabazimbi PM | 16/2/7/A240/D4/Z1/P345 | - | 0 | 4 | 4 | 17 | 0–50 |
| Tzaneen | Greater Tzaneen PM | 16/2/7/B800/D2/Z23/1/P501 | 100 | 98 | 100 | 88 | 90 | 40 gereguleer |
| Warmbad | Bela-Bela PM | B33/2/123/3 | 40 | 38 | 36 | 30 | 68 | 50–100 |

| MPUMALANGA | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | | Aantal herwinners |
| | | | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 | |
| Barberton | Mbombela PM | B33/2/10960/P131 | - | 46 | 70 | 48 | 50 | 0–50 |
| Belfast | Emakhazeni PM | 12/9/11/P95 | 41 | 48 | 28 | 28 | 59 | 0–50 |
| Bethal | Govan Mbeki PM | 17/4/WL/MP/307/13/02 | 10 | 5 | 4 | 8 | 6 | 50–100 |
| Carolina | Albert Luthuli PM | 17/4/WL/MP301/12/02 | 4 | 0 | Toe | | 82 | 0–50 |
| Delmas | Victor Khanye PM | B33/2/220/9/P218 | 12 | 30 | 38 | 22 | 15 | 50–100 |
| Dullstroom | Emakhazeni PM | 17/4/WL/MP314/14/01 | 4 | 0 | 16 | 12 | 0 | 0–50 |
| Ermelo | Msukaligwa PM | 16/2/7/C112/D1/Z1/P427 | 2 | 18 | 10 | 8 | 19 | 50–100 |
| Evander | Govan Mbeki PM | 17/4/WL/MP307/14/01 | 0 | 6 | 4 | Terrein te gevaarlik | Terrein is gesluit | - |
| Kinross | Govan Mbeki PM | 17/4/WL/MP/307/15/01 | 6 | 4 | 16 | 4 | 0 | - |
| Leandra | Govan Mbeki PM | - | 6 | 6 | 32 | 14 | 0 | - |
| Lydenburg | Thaba Chweu PM | 12/9/11/L826/6 | 33 | 10 | 12 | 8 | 20 | 50–100 |
| Machadodorp | Emakhazeni PM | 17/4/WL/MP314/14/02 | 10 | 6 | 8 | 6 | 4 | 0–50 |
| Morgenzon | Lekwa PM | - | 0 | 0 | 0 | 2 | 0 | 0–50 |
| Middelburg | Steve Tshwete PM | 16/2/7/B10/D33/Z1/P412 | 28 | 58 | 64 | 74 | 60 | 0–50 |
| Middelburg (Dennesig-oorlaaistasie) | Steve Tshwete PM | - | 86 | - | - | 68 | 42 | - |
| Nelspruit | Mbombela PM | 12/9/11/P5<br>16/2/7/X205/D06/P130 | 74 | - | 90 | 72 | 64 | 50–100 |
| Piet Retief | Mkhondo PM | - | 12 | 48 | 38 | 48 | 22 | 50–100 |
| Secunda | Govan Mbeki PM | 17/4/WL/MP/307/13/01 | 24 | 10 | 26 | 4 | 8 | - |
| Standerton | Lekwa PM | 12/9/11/L109/6 | 0 | 18 | 18 | 12 | 14 | 50–100 |

## MPUMALANGA

| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | | Aantal herwinners |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 | |
| Volksrust | Dr. Pixley Ka Seme PM | - | 2 | 16 | 58 | - | 72 | 0–50 |
| Witbank | Emalahleni PM | B33/2/210/32/P136 | 60 | 34 | 44 | 24 | 42 | 100–200 |
| Witrivier-oorlaaistasie | Mbombela PM | 16N/2/7/x205/D06 | 80 | - | 60 | 76 | 24 | - |

## GAUTENG

| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | | Aantal herwinners |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 | |
| Alberton (Platkop) | Ekurhuleni PM | 33/2/2/321/1450 | 97 | 95 | 96 | 100 | Toegang geweier | - |
| Boksburg (Rooikraal) | Ekurhuleni PM | 16/2/7/c221/D24/21/P512 | 97 | 97 | Toe (onder konstruk-sie) | Toe (onder konstruk-sie) | Toegang geweier | - |
| Bon Accord | The Waste Group | B33/2/123/154/P191 | 94 | 98 | 86 | 92 | 86 | 50–100 gereguleerd |
| Brakpan (Weltevreden) | Ekurhuleni PM | B33/2/321/172/P137 | 94 | 91 | 94 | 94 | Terrein te gevaarlik | - |
| Bronkhorstspruit | Tshwane Metro | B33/2/220/116 | 84 | 84 | 64 | 82 | 70 | 100–200 |
| Carletonville | Merafong City PM | 16/2/7/C231/D004/Z1/P415 | - | 68 | 94 | 80 | 78 | 200+ |
| Ga-Rankuwa | Tshwane Metro | 16/2/7/A230/D9/Z3/P489 | 92 | 74 | 72 | 72 | 59 | 100–200 |
| Germiston (Simmer & Jack) | Ekurhuleni PM | B33/2/0322/494/P223 | 78 | 84 | 94 | 94 | Toegang geweier | - |
| Hatherley | Tshwane Metro | B33/2/123/88/P215 | 88 | 88 | 84 | 70 | 41 | 200+ |
| Luipaards Vlei | Mogale City PM | - | - | - | - | - | 72 | 0–50 |
| Kempton Park (Chloorkop) | Ekurhuleni PM | - | - | Toe | Rehabili-tasie | | Terrein gesluit | - |

## GAUTENG

| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | | Aantal herwinners |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 | |
| Meyerton | Midvaal PM | 002/12-13/W0001 | 100 | 96 | 98 | 92 | - | - |
| Mooiplaats | The Waste Group | 16/2/7/A230/154/21/p311 | 96 | 96 | 98 | 98 | 94 | 100–200 gereguleerd |
| Onderstepoort | Tshwane Metro | B33/2/123/7/P6 | 76 | Toe | Toe | Toe | Gerehabi-liteer | - |
| Randfontein | Rand West City | B33/2/323/34/P12<br>12/9/11/L68331/3 | 46 | Toe | 4 | 4 | 16 | 200+ |
| Roodepoort | Johannesburg Metro | 16/2/7/C221/D11/Z3/P65<br>B33/2/121/53/P65 | 34 | Toe | Toe | 86 | 84 | - |
| Soshanguve | Tshwane Metro | B33/2/123/101/P43 | 78 | 86 | 94 | 94 | 74 | 200+ |
| Springs (Rietfontein) | Ekurhuleni PM | 16/2/7/C221/D494/P275 | 88 | 94 | Toe (onder konstruk-sie) | 94 | Toegang geweier | - |
| Vanderbijlpark (Boitshepi) | Emfuleni PM | 006/15-16/W0005- | 32 | 26 | 12 | 34 | 18 | 50–100 |
| Waldrift | Emfuleni PM | 006/15-16/W0004 | 68 | 60 | 24 | 34 | Terrein is gesluit | - |
| Westonaria (Libanon) | Rand West City | 16/2/7/C231/D21/Z | 100 | 48 | 18 | 30 | Terrein is gesluit | - |

## VRYSTAAT

| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | | Aantal herwinners |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 | |
| Allanridge | Matjhabeng PM | - | - | 0 | 4 | 0 | 16 | 0–50 |
| Bethlehem | Dihlabeng PM | 12/9/11/L98/2 & WML/1B/03/2010 | 16 | 6 | 32 | 18 | 28 | 0–50 |
| Bloemfontein-Noord | Mangaung Metro | 16/2/7/C522/D1/Z2/P478 | 10 | 16 | 22 | 12 | 32 | 100–200 |

## VRYSTAAT

| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | | Aantal herwinners |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 | |
| Bloemfontein-Suid | Mangaung Metro | B33/2/350/2/P162 | 14 | 20 | 28 | 28 | 30 | 500+ |
| Boshof | Tokologo PM | WML/BAR/11/2014 | 18 | 26 | 14 | 20 | 30 | 0–50 |
| Bothaville | Nala PM | 16/2/7/C604/D1/Z1/P340 | - | 4 | 4 | 10 | 4 | 0–50 |
| Brandfort | Masilonyana PM | - | 2 | 2 | 34 | 12 | 14 | 0–50 |
| Bultfontein | Tswelopele PM | WML/BAR/07/2014 | 24 | 28 | 28 | 24 | 28 | 0–50 |
| Dealesville | Tokologo PM | 12/9/11/L886/2 | 26 | 52 | 38 | 24 | 24 | 0–50 |
| Deneysville | Metsimaholo PM | - | | | | | 4 | 50–100 |
| Frankfort | Mafube PM | 16/2/7/E304/C11/Z1/P342 | 3 | 4 | 0 | 0 | 0 | 0–50 |
| Harrismith | Maluti-A-Phofung PM | 16/2/7/C801/D2/Z1/P333 & 16/2/7/ C801/D2/Z2/P343 | 13 | 18 | 24 | 24 | 22 | 0–50 |
| Heilbron | Ngwathe PM | - | - | 0 | 2 | 0 | 2 | 0–50 |
| Hennenman | Matjhbeng PM | - | 26 | 0 | 0 | 0 | 8 | 0–50 |
| Kroonstad | Moqhaka PM | B33/2/360/1/P36 | 16 | 8 | 14 | 16 | 20 | 50–100 |
| Odendaalsrus | Matjhabeng PM | B33/2/325/6/P108 | 7 | 2 | 52 | 20 | 50 | 50–100 |
| Parys | Ngwathe PM | 16/2/7/C233//D1/Z1/P336 | 16 | 8 | 10 | 20 | 6 | 0–50 |
| Reitz | Nketoana PM | 16/2/7/C805/D4/721/P341 | 13 | 12 | 14 | 14 | 8 | 0–50 |
| Sasolburg | Metsimaholo PM | 12/9/11/L1905Z215440712 | 18 | 20 | 14 | 20 | 12 | 50–100 |
| Senekal | Setsoto PM | B33/2/340/16/P221 | - | 22 | 18 | 14 | 22 | 0–50 |
| Steynsrus | Moqhaka PM | B33/2/340/88/P112 | - | 4 | 10 | 8 | 22 | 0–50 |
| Theunissen | Masilonyana PM | 16/2/7/C402/D3/Z1/P339 | 24 | 8 | 12 | 4 | 14 | 0–50 |
| Vaalpark-oorlaaistasie | Metsimaholo | - | | | | | 78 | 0–50 |
| Viljoenskroon | Moqhaka PM | - | - | - | - | 4 | 8 | 0–50 |

## VRYSTAAT

| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | | Aantal herwinners |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 | |
| Welkom | Matjhabeng PM | B33/2/340/32/P85 | 13 | 12 | 48 | 36 | 14 | 50–100 |
| Winburg | Masilonyana PM | B33/2/340/20/P48 | 54 | 28 | 32 | 6 | 4 | 0–50 |
| Zastron | Mohokare PM | - | - | - | - | - | 0 | 0–50 |

## NOORDWES

| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | | Aantal herwinners |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 | |
| Bloemhof | Lekwa-Teemane PM | NWP/WM/DR4/2011/11 | 6 | 44 | 32 | 26 | 6 | 50–100 |
| Brits (Hartebeesfontein) | Madibeng PM | B33/2/0121/41/P81 | - | 26 | 16 | 58 | 84 | 60 gereguleerd |
| Christiana | Lekwa-Teemane PM | NWP/WM/DR4/2011/09 | 4 | 18 | 22 | 16 | 4 | 0–50 |
| Coligny | Ditsobotla PM | - | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | - |
| Delareyville | Tswaing PM | B33/2/330/44/P219 | 10 | 28 | 28 | 30 | 26 | 0–50 |
| Hartbeesfontein | City of Matlosana PM | 16/2/7/C241/D3/P456 | - | - | - | 22 | 10 | 0–50 |
| Klerksdorp | City of Matlosana PM | 16/2/7/C241/D4Z2/P514 | 10 | 36 | 36 | 68 | 64 | 200+ |
| Koster | Kgetlengrivier PM | NWP/WM/BP5/2013/23 | 4 | 2 | 16, moet gesluit en gerehabili-teer word | 12, moet gesluit en gerehabili-teer word | 4 | 0–50 |
| Lichtenburg | Ditsobotla PM | B33/2/330/3/P58 | 16 | 2 | 4 | 6 | 6 | 0–50 |
| Mooinooi | Sibanye-Stillwater (Interwaste) | 16/2/7/A210/C29/Z1/P379<br>NWP/WM/BP2/2016/06 | 94 | 94 | 80 | 88 | 90 | 0 |
| Orkney-oorlaaistasie | City of Matlosana PM | 12/9/11/P59 | - | - | - | 14 | 4 | 0–50 |

## NOORDWES

| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | | Aantal herwinners |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 | |
| Ottosdal | Tswaing PM | NWP/WM/NM4/2012/11 | - | - | 40 | 36 | 16 | 0–50 |
| Potchefstroom | Tlokwe PM | 16/2/7/C231/D13/Z1/P | 64 | 16 | 46 | 82 | 98 | 50–100 |
| Potchefstroom- oorlaaistasie (tuinafval) | Tlokwe PM | - | - | - | 10 | 28 | 84 | 0–50 |
| Rustenburg (Waterval) | Rustenburg PM | NWP/WM/BP1/2011/02 | 62 | 94 | 86 | 82 | 92 | 100–200 |
| Sannieshof | Tswaing PM | NWP/WM/NM4/2012/09 | 2 | 34 | 28 | 36 | 18 | - |
| Schweizer-Reneke | Mamusa PM | NWP/WM/DR6/2012/22<br>(Variation of WML NWP/WM/ DR6/2012/22) | 8 | 22 | 16 | 22 | 20 | 0–50 |
| Stella | Naledi PM | NWP/WM/DR1/2013/16 | - | - | 24 | 34 | 26 | 0–50 |
| Swartruggens | Kgetlengrivier PM | - | - | 0 | 0 | 2 | 4 | 0–50 |
| Ventersdorp | JB Marks PM | - | - | 0 | 6 | 0 | 0 | 0–50 |
| Vryburg | Naledi PM | NWP/WM/DR1/2009/01 | 32 | 28 | 58 | 52 | 50 | 0–50 |
| Wolmaransstad | Maquassi Hills PM | B33/2/330/19/P166 | 34 | 8 | 4 | 4 Moet toemaak | 4 | 0–50 |
| Zeerust | Ramotshere Moiloa PM | B33/2/130/7/P214 | 4 | 16 | 38 | 30 | 32 | 0–50 |

## KWAZULU-NATAL

| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | | Aantal herwinners |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 | |
| Amanzimtoti (Seadoone) | eThekwini Metro | - | - | - | - | - | 76 | - |
| Dundee (Glencoe) | Endumeni PM | 12/9/11/L51/4 | - | - | - | - | 74 | 0–50 |
| Hluhluwe | The Big Five False Bay PM | - | 2 | 0 | 12 | 0 | 28 | 0–50 |

## KWAZULU-NATAL

| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | | Aantal herwinners |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 | |
| Margate | Ray Nkonyeni PM | 16/2/7/T402/DS/Z1/P26/A1 | 96 | 96 | 72 | 58 | 60 | - |
| Newcastle | Newcastle PM | B33/2/2010/8/P138 | 88 | 60 | 84 | 52 | 30, terrein-kapasiteit is bereik maar dit is steeds operasioneel | - |
| Paulpietersburg | eDumbe PM | - | 14 | 4 | 10 | 8 | 26 | 0–50 |
| Pongola | uPhongolo PM | DC26/WML/0001/2014 | 52 | 38 | 28 | 42 | 70 | - |
| Richardsbaai (Empangeni) | uMhlathuze PM | B33/2/2112/006/P245 | - | 60 | 60 | 100 | 100 | - |
| Utrecht | eMadlangeni PM | Terrein gesluit, maar is steeds in werking | 0 | 12 | 30 | 16 | 36 | - |
| Vryheid | AbaQulusi PM | - | 3 | 6 | 2 | 0 | 0 | - |

## NOORD-KAAP

| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | | Aantal herwinners |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 | |
| Delportshoop | Dikgatlong PM | - | - | - | - | - | 0 | 0–50 |
| Douglas | Siyancuma PM | - | - | 4 | 10 | 8 | 0 | 0–50 |
| Hartswater | Phokwane PM | - | 14 | 2 | 42 | 20 | 6 | 0–50 |
| Hopetown | Thembelihle PM | - | 2 | 10 | 10 | 10 | 2 | 0–50 |
| Jan Kempdorp | Phokwane PM | - | 10 | 0 | 10 | 8 | 6 | 0–50 |
| Kakamas | Kai !Garib PM | B33/2/450/24/S/P160 | - | - | - | 10 | 4 | - |

## NOORD-KAAP

| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | | Aantal herwinners |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 | |
| Kamieskroon | Kamiesberg PM | 16/2/7/F300/D8/Z1/P347 | - | 8 | 8 | 26 | 4 | 0 |
| Kathu | Gamagara PM | B33/2/4441/15/P116 | 28 | 26 | 12 | 18 | 48 | 50–100 |
| Kimberley | Sol Plaatje PM | 16/2/7/C901/D2/P265 | 82 | 52 | 70 | 32 | 36 | 50–100 |
| Kuruman | Ga-Segonyana PM | B33/2/441/9/P128 | 10 | 52 | 34 | 38 | 42 | 50–100 |
| Keimoes | Kai !Garib PM | - | 2 | 6 | 2 | 2 | 0 | - |
| Orania | Orania Dorpsraad | NC/PIX/SIY/ORA/04/2016 | 80 | 66 | 82 | 90 | 76 | 0 |
| Prieska | Siyathemba PM | 16/2/7/D720/D1/Z1/P479 | - | 16 | 46 | 20 | 30 | 0–50 |
| Springbok | Nama Khoi PM | 16/2/7/F300/D9/21/P315 | 0 | 4 | 4 | 4 | 4 | 50–100 |
| Upington | Khara Hais PM | - | 6 | 18 | 10 | 26 | 24 | 0–50 |
| Warrenton | Magareng PM | 12/9/11/P103 | - | 14 | 18 | 6 | 6 | 0–50 |
| Williston | Karoo Hoogland PM | - | 4 | 22 | 0 | 0 | 0 | - |

## OOS-KAAP

| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | | Aantal herwinners |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 | |
| Aliwal-Noord | Maletswai PM | 12/9/11/P131 | 34 | 36 | 56 | 26 | Terrein moes al gesluit het, is reeds oor kapasiteit | 0–50 |
| Cradock | Inxuba Yethemba PM | B33/2/1000/33/P122 | - | - | 10 | 32 | 52 | 0–50 |
| Elliot | Sakhisizwe PM | - | 2 | 4 | 0 | 0 | 22 | 50–100 |

## OOS-KAAP

| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | | Aantal herwinners |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 | |
| Hankey | Kouga PM | BB33/2/1100/5/P209 | 40 | 72 | 42 | 30 | 20 | 50–100 |
| Humansdorp | Kouga PM | 12/9/17/P53 | 58 | 88 | 68 | - | 74 | 100–200 |
| Port Elizabeth (Arlington) | Nelson Mandelabaai Metro | 16/2/7/M200/D1/21/P278 | 90 | 78 | 62 | 78 | 98 | 100–200 |
| Uitenhage (Koedoeskloof) | Nelson Mandelabaai Metro | B33/22/1200/7/P37 | 90 | 74 | 36 | 38 | 80 | 100–200 |
| Oos-Londen (Roundhill) | Buffalo City Metro | - | - | - | - | - | 64 | 200+ |

## WES-KAAP

| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | | Aantal herwinners |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 | |
| Albertinia | Hessequa PM | 19/2/5/4/D5/1/WL0081/18 (Variation of WMLs 19/2/5/1/D5/1/WL0057/14) | - | - | - | - | 90 | 0–50 |
| Bellville | Kaapstad Metro | 19/2/5/4/A5/6/WL0050/12<br>(B33/2/720/213/P201 ) | - | 90 | 96 | 90 | Terrein gesluit | - |
| Bitterfontein | Matzikama PM | 19/2/5/4/F3/2/WL0005/18<br>(Variation of WML 19/2/5/1/F3/2/ WL0025/14) | - | - | 30 | 20 | 22 | 0 |
| Bredasdorp | Kaap Agulhas PM | 16/2/7/G501/D1/Z1/P329 | - | 46 | 42 | 36 | 30 | 0 |
| Clanwilliam | Cederberg PM | 19/2/5/4/F2/4/WL0007/18<br>(Variation of WMLs 19/2/5/1/F2/4/ WL0050/14) | - | - | - | - | 30 | 0 |
| De Doorns | Breede Vallei PM | 19/2/5/4/B2/3/WL0041/18<br>(Variation of WML 19/2/5/1/B2/3/ WL0026/14) | - | - | 30 | 18 | 32 | - |
| Gansbaai | Overstrand PM | 16/2/7/G400/D24/21/P335 | - | 86 | 84 | 82 | 100 | 0 |
| George | George PM | WL0683/4 | 52 | 44 | 44 | - | 48 | 0–50 |

## WES-KAAP

| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | | Aantal herwinners |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 | |
| Gordonsbaai-oorlaaistasie | Kaapstad Metro | E13/2/10/1-A3/193-DWLT404/10 | 96 | - | 96 | 98 | 100 | 0 |
| Hermanus | Overstrand PM | 16/2/7/G501/D3/Z3/P374 | - | 86 | 88 | 94 | 100 | 0 |
| Klawer | Matzikama PM | 19/2/5/4/F3/6/WL0042/19 | - | 24 | 26 | 20 | - | - |
| Langebaan-oorlaaistasie | Saldana PM | 19/2/5/1/F4/7/WL0043/15 | - | - | - | 92 | 100 | 0 |
| Lutzville | Matzikama PM | 19/2/5/4/F3/10/WL0006/18 | - | 22 | 12 | 14 | 16 | - |
| Mosselbaai (Groot-Brak) | Mosselbaai PM | 19/2/5/4/D6/17/WL0065/18<br>(Variation of WML<br>19/2/5/1/D6/17/WL0084/14) | 68 | 96 | 86 | 92 | 94 | 0–50 |
| Mosselbaai (Sonskynvallei-oorlaaistasie) | Mosselbaai PM | EG13/2/10/1 - D6/17 - DWLT 002/09 | - | - | 88 | 92 | 92 | 0 |
| Malmesbury (Highlands) | Swartland PM | 19/2/5/4/F5/16/WL0030/18<br>(Variation of WMLs B33/2/720/132/ P67) | 96 | 94 | 98 | 92 | 96 | 0 |
| Malmesbury (Chatsworth) | Swartland PM | B33/2/900/3/5/P167 | - | 80 | 4 | Toe | - | - |
| Malmesbury (Kalbaskraal-oorlaaistasie) | Swartland PM | - | - | - | 80 | 88 | - | - |
| Nuwerus | Matzikama PM | 19/2/5/4/F3/13/WL0033/18<br>(Variation of WMLs 19/2/5/1/F3/13/ WL0118/12) | - | - | 20 | 24 | 14 | 0 |
| Oudtshoorn (Grootkop) | Oudtshoorn PM | B33/2/900/3/5/P167 | 38 | 48 | 26 | 54 | 56 | 0–50 |
| Paarl-oorlaaistasie | Drakenstein PM | - | - | - | - | - | 98 | 0–50 |
| Riversdal | Hessequa PM | 19/2/5/4/E3/10/WL0088/18<br>(Variation of WMLs B33/2/800/106/S/P212) | - | - | 86 | 86 | 90 | 0–50 |
| Stellenbosch | Stellenbosch PM | 16/2/7/G203/D16/21/P331 | 66 | 96 | 96 | 94 | 96 | 0 |

## WES-KAAP

| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | | Aantal herwinners |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 | |
| Stilbaai | Hessekwa PM | 19/2/5/1/D/11/WL0060/14 | - | 72 | 88 | Toe | - | - |
| Swellendam | Swellendam PM | 19/2/5/4/E3/2/WL0076/18 (Variation of WMLs B33/2/800/9/S/P171) | - | - | - | Toegang geweier | - | - |
| Velddrif | Bergrivier PM | 19/2/5/1/F1/14/WL0071/13 | 26 | 48 | 44 | 44 | - | - |
| Vredendal | Matzikama PM | 19/2/5/4/F3/17/WL0032/18 | - | 74 | 32 | 46 | 22 | 0 |
| Vredenburg | Saldanha PM | 19/2/5/4/F4/23/WL0034/18 (Variation of WMLs 19/2/5/1/F4/23/WL0050/16) | - | - | - | - | 94 | 0–50 gereguleerd |
| Vanrhynsdorp | Matzikama PM | 19/2/5/4/F3/16/WL0044/18 | - | 54 | 38 | 30 | 10 | - |
| Wellington | Drakenstein PM | 19/2/5/4/B3/39/WL0109/17 (Variation of WMLs E13/2/10/1-B3/36-WL0045/10) | 80 | 68 | 66 | 62 | 98 | 0 |
| Worcester | Breede Vallei PM | 19/2/5/4/B2/32/WL0126/18 (Variation of WMLs B33/2/800/12/P70) | - | 70 | 58 | 52 | 82 | 0–50 |

'n Gemiddelde oudittelling is bereken vir elke provinsie waar vullisterreine vir die tydperk 2014 tot 2023 geoudit is. Die persentasie wat aan elke individuele terrein in 'n spesifieke provinsie toegeken is, word bymekaargetel, waarna die totaal dan deur die getal terreine in daardie provinsie gedeel word.

*Voorbeeld:*


*In Mpumalanga is ses vullisterreine in 2014, 2015 en 2016 geoudit. Dus:*

*76 + 8 + 40 + 64 + 32 + 64 = 284; dus 284/6 = 47% gemiddeld in 2014*

*84 + 16 + 56 + 40 + 24 + 68 = 288; dus 288/6 = 48% gemiddeld in 2015*


*Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die vullisterreine in hierdie provinsie sedert die vorige jaar met 1% verbeter het.*

In figuur 4 word die gemiddelde oudittellings vir elke provinsie vir die tydperk 2014 tot 2023 aangetoon.




***Figuur 4: Gemiddelde jaarlikse oudittellings (in persentasies) vir die tydperk 2014 tot 2023 per provinsie***

Die lyngrafiek hieronder (figuur 5) toon die nakoming in persentasies op nasionale vlak aan vir die tydperk 2014 tot 2023.




***Figuur 5: Gemiddelde jaarlikse nakoming (in persentasies) vir die tydperk 2014 tot 2023***

# Vraelys

Die vraelys wat gebruik is vir die vullisterreinoudits van 2017 tot op hede is hersien en verskil van die vraelys wat gebruik is in die tydperk 2014 tot 2016. Die 33 vrae dek alle wetlike minimum vereistes[1] waaraan 'n vullisterrein moet voldoen. Toepaslike wetgewing is ook bestudeer om te bepaal wat die minimum vereistes vir 'n oorlaaistasie is, en die oudit kan ook daarvoor gebruik word waar dit van toepassing is.

Die vraelys is opgestel om vas te stel of elke vullisterrein aan die minimum vereistes vir vullisterreine voldoen soos uiteengesit in die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Afval 59 van 2008. Om dié oudit te slaag, moet 'n vullisterrein aan minstens 80% van die minimum vereistes voldoen en daarna streef om die 20% vereistes wat nie nagekom is, te verbeter.

Die koördinate is ook bygewerk, omdat terreinliggings nie altyd duidelik op die lisensie uiteengesit word nie.

Die gemeenskap se uitdaging is dat elke vullisterrein 'n unieke permit of lisensie het met vereistes wat selfs strenger as bogenoemde minimum vereistes kan wees. Vullis wat ingevolge die wetgewing ontoelaatbaar is, kan selfs in sekere gevalle wel toegelaat word volgens sekere voorwaardes en vereistes waaraan daardie spesifieke vullisterrein moet voldoen. Boonop word vullisterreine in drie groottes ingedeel – elk met sy eie voorwaardes. Die algemene reël is: Hoe groter die terrein, hoe strenger die vereistes. AfriForum is bewus daarvan dat hierdie deel is van die ou indeling en dat daar 'n nuwe indeling bestaan. Die ou indeling is vir die doel van hierdie verslag gebruik omdat die meeste, indien nie al die terreine wat ondersoek is nie, voor die inwerkingtreding van die nuwe indeling gevestig is.

Daarom het AfriForum besluit om 'n vraelys op te stel wat van toepassing kan wees op enige algemene (G-tipe-) vullisterrein. Die klassifikasiestelsel werk soos volg:

**G:M:B**

Algemene vullis

Vullisterreingrootte in S (klein), M (medium) en L (groot)

Waterklassifikasie op vullisterrein t.o.v. looggenerasie

**Voorbeeld:**

Die vraelys is in **vyf hoof-** en **subkategorieë** verdeel.

Die somtotaal van die vraelys se punte is 25. Dit kan met 4 vermenigvuldig word om die persentasie (%) van die uitslag te kry.

| Minimum vereiste | Voldoen ten volle<br>1 | Voldoen gedeeltelik<br>½ | Voldoen glad nie<br>0 | Opmerkings | Punte |
|---|---|---|---|---|---|
| **1. Toegang en beheer** | | | | | **/ 8** |
| **1.1 Tekens** | | | | | |
| a) Tekens in die toepaslike amptelike tale moet in die nabyheid van die vullisterrein opgerig word wat die roete daarheen vanaf die naaste hoofpaaie aandui. | x | | | | ½ / ½ |
| b) Is daar 'n kennisgewing op die hek wat aandui watter tipe afval daar gestort mag word, asook die terrein se werksure? | | x | | | / ½ |
| **1.2 Padtoegang** | | | | | |
| a) Word alle paaie na en binne die terrein onderhou? | | | x | | 0 / 1 |

Punt waaruit hoofkategorie tel

Gewig wat vraag dra

Merk met x in toepaslike blok. Gebruik eie diskresie, met minimum vereiste as uitkomste.

Opmerkings is belangrik vir bewyse, notas en addisionele inligting vir besprekings met owerhede ná afloop van die oudit.

1. Die minimum vereistes vir vullisterreine (1998, tweede uitgawe) wat deur die Departement van Waterwese en Bosbou gepubliseer is. Beskikbaar by http://sawic.environment.gov.za/documents/266.PDF.

## Tabel 3: Vraelys

**Die volledige vraelys is beskikbaar op versoek.**

Tydens gesprekke met rolspelers soos die WNNR en die Institute for Waste Management of Southern Africa is AfriForum versoek om meer data aan te vra sodat die huidige gebrek aan data aangespreek kan word. AfriForum is die enigste instansie wat tans data op hierdie skaal en vlak insamel en beskikbaar maak.

Die volgende ekstra data is hierdie jaar ingesamel:

- **Vraag 1: Hoeveel herwinners is op die terrein? 0, 1 tot 50, 50 tot 100, 100 tot 200, 200 of meer?**
- **Vraag 2: Wat is die ontwerpte kapasiteit van die terrein (verkieslik aangedui in $m^3$)?**
- **Vraag 3: Hoeveel van die ontwerpte kapasiteit is tot op hede gebruik?**
- **Vraag 4: Wat is die oorblywende lewensduur van die terrein voor sluiting (in jare)?**
- **Vraag 5: Wat is die tempo van afsetting by die terrein (ton per dag)?**
- **Vraag 6: Wanneer laas is 'n opname van die terrein gemaak om die oorblywende kapasiteit te bepaal?**

Om die data te ontleed is dit in die tabel hieronder uiteengesit by die munisipaliteite waar die data beskikbaar was. Die vrae het deel gevorm van die groter oudit en is aan al die terreine gerig wat in die verslag geoudit is. Dit is egter baie kommerwekkend dat min terreine hierdie data tot hul beskikking gehad het, wat net weer bewys dat die munisipaliteite geensins die vermoë het om hulle werk doeltreffend te kan doen nie.



| Ekstra vrae: | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Provinsie:** | **Naam van terrein:** | **Munisipaliteit/ verantwoordelike gesag:** | **Vraag 1:** | **Vraag 2:** | **Vraag 3:** | **Vraag 4:** | **Vraag 5:** | **Vraag 6:** |
| Gauteng | Mooiplaats | The Waste Group | 100–200 gereguleer | Nie van toepassing | 50% | ±20 jaar | 22,920 ton/ dag | 18 Januarie 2023 |
| Gauteng | Bon Accord | The Waste Group | 50–100 gereguleer | 870,94357 $m^3$ | 184,70657 $m^3$ | 7 jaar | 7,585 ton/ dag | 25 Mei 2022 |
| Limpopo | Tzaneen | Greater Tzaneen PM | 40 gereguleer | Onseker | 50% | 15 na 20 jaar | 1,5 ton/dag | Onseker |
| Limpopo | Nylstroom | Modimolle-Mookgophong PM | 0–50 | Kon nie bevestig nie | 75% | 10 jaar | 20 ton/dag | 2022 |
| Limpopo | Warmbad | Bela Bela PM | 50–100 | Kon nie bevestig nie | 2/10 | 25 jaar | 20 ton/dag | 2022 |
| Limpopo | Phalaborwa | Ba-Phalaborwa PM | 0–50 | Kon nie bevestig nie | 1 uit 5 | 25 jaar | 25 ton/dag | Kon nie bevestig nie |
| Limpopo | Marble Hall | Ephraim Mogale PM | 0–50 | Kon nie bevestig nie | 1 uit 5 | 25 jaar | 20 ton/dag | Februarie 2022 |
| Limpopo | Hoedspruit (Maruleng) | Maruleng PM | 50–100 | Kon nie bevestig nie | 3 uit 5 | 15 jaar | 20 ton/dag | Kon nie bevestig nie |
| Limpopo | Groblersdal | Elias Motsaole PM | 0–50 | Kon nie bevestig nie | 1 uit 5 | 25 jaar | 25 ton/dag | 2022 |
| Vrystaat | Bultfontein | Tswelopele PM | 0–50 | 900 ton | 400 ton | 5 jaar | Kon nie bevestig nie | Februarie 2022 |
| Vrystaat | Bloemfon-tein-Noord | Mangaung Metro | 100–200 | 302 000 $m^3$ | 98% | 2 jaar | 475,93 ton/ dag | 29 Julie 2022 |
| Vrystaat | Bloemfon-tein-Suid | Mangaung Metro | 500+ | 425 000 $m^3$ | 66% | 13 jaar | 732,70 ton/ dag | 29 Julie 2022 |
| Noordwes | Vryburg | Naledi PM | 0–50 | Kon nie bevestig nie | 40% | 10 jaar | Kon nie bevestig nie | 2022 |
| Noordwes | Potchef-stroom | JB Marks PM | 50–100 | 6 selle | 50% | 15 jaar | 15 037 ton/ maand | Maandeliks geoudit |
| Wes-Kaap | Mosselbaai (Groot-Brak) | Mosselbaai PM | 0–50 | 930 000 $m^3$ | 95% gebruik | 1 jaar | Nie beskik-baar nie | 2022 |
| Wes-Kaap | George (Gwaing) | George PM | 0–50 | 214 000 $m^3$ | 70% gebruik laaste sel | 1 jaar | ± 99 ton/ maand | 2023 |
| Wes-Kaap | Vredenburg | Saldanha PM | 0–50 gereguleerd | 1,7 x 10 | Eerste jaar van bedryf | 10 jaar | 376 ton/dag | 2022 |
| Wes-Kaap | Wellington | Drakenstein PM | 0 | 960 000 $m^3$ | 77 501 $m^3$ | 5 jaar | 380 ton/dag | 23 November 2022 |
| Wes-Kaap | Albertinia | Hessequa PM | 0–50 | 29 090 $m^3$ | 85% | 7 jaar | 2,35 ton/dag | 2021 |
| Wes-Kaap | Riversdal | Hessequa PM | 0–50 | 130 410 $m^3$ | 70% | 20 jaar | 7,6 ton/dag | 2021 |

Dit is duidelik uit die data wat ingewin is dat munisipaliteite nie baie inligting beskikbaar het oor hoe hulle vullisbestuur monitor nie. By die meerderheid van die terreine kon AfriForum se verteenwoordigers nie enige data kry van rekordhouding of geskatte vooruitsigte vir die terreine nie. Die vraag moet dus gevra word hoe lank nog voordat die land midde-in 'n krisis gaan wees wat die vullissituasie aanbetref. Die DFFE gaan dringend moet begin om munisipaliteite tot verantwoording te roep om hierdie kwessies aan te spreek.

Die data soos bo uiteengesit oor die hoeveelheid vulliskrappers op die stortingsterreine het ook uitgewys dat daar al hoe meer mense op die vullisterreine woon. Dit is 'n wesenlike probleem omdat dit ernstige veiligheids- en gesondheidsrisiko's vir hulle inhou.



*The Waste Group se klas B-voering ("liner") besig om voltooi te word by die Mooiplaats-vullisterrein in Centurion, Gauteng.*

# Wat is tot dusver bereik?

## Skakeling met nasionale, provinsiale en plaaslike regerings

AfriForum het aan die einde van 2020 saam met die minister van Bosbou, Vissery en Omgewingsake en haar span ses terreine met verskeie uitdagings geïdentifiseer met die doel om dit deur verskillende modelle te rehabiliteer en herstel. Dit is 'n deurlopende proses en verskeie vergaderings word gehou om dié ses terreine se uitdagings aan te spreek.

Die ses terreine is soos volg:

- **Westonaria (Libanon) van die Rand West City PM**
- **Naboomspruit van die Mookgophong PM**
- **Thabazimbi van die Thabazimbi PM**
- **Frankfort van die Mafube PM**
- **Sasolburg van die Metsimaholo PM**
- **Potchefstroom van die JB Marks PM**

Tydens die laaste vergadering in Mei 2021 tussen AfriForum en die DFFE is daar 'n besluit geneem dat AfriForum en die departement streeksbesoeke sal doen aan die ses terreine. Voortslepend uit hierdie besoeke moet daar besluite geneem word oor die pad vorentoe en moontlike alternatiewe vir die bestuur en regruk van die terreine. AfriForum glo dat dit die antwoord kan wees om vullisterreine in 'n nuwe rigting te stuur.

Die eerste vergaderings is aan die einde van 2021 by die onderskeie munisipaliteite gehou en moontlike oplossings is bespreek. Daar is ooreengekom dat AfriForum 'n memorandum van verstandhouding sal opstel en dan aan die munisipaliteite stuur vir bespreking oor verbeterde samewerking. Ongelukkig is die grootste probleem dat munisipaliteite nie die wil en/of kennis het om die terreine te bestuur nie.

Uit die vergaderings was dit duidelik dat daar onvoldoende kommunikasie bestaan tussen nasionale, provinsiale en plaaslike owerhede. Tot dusver is daar net nog een vergadering gehou in 2022 en dit het geen vrugte afgewerp nie. Die nasionale regering probeer in hierdie stadium om 'n boot vol gate net bo water te hou.

AfriForum se omgewingsakespan vergader sedert die einde van 2019 met verskeie deskundiges in die vullisbedryf, waaronder Unisa, die UWK, die WNNR, The Waste Group en ander privaat maatskappye. Al hierdie rolspelers vind groot aanklank by dít wat AfriForum met die projek beoog.



AfriForum het ook in die begin van 2023 ’n voorlegging aan die Institute of Waste Management of Southern Africa gedoen oor die resultate en bevindinge van die 2022-verslag. Die was ook die begin van goeie skakeling met sekere munisipaliteite, hoofsaaklik in die Wes-Kaap, en met sekere privaat maatskappye om in gesprek te begin tree oor die oplossings vir Suid-Afrika se vullisprobleme.

## Hofsake

AfriForum se Naboomspruit-tak was in ’n vullisterreinhofsaak betrokke wat op 9 Oktober 2017 aangehoor is. Die uitspraak is aanvanklik voorbehou. Uitspraak is later op 7 Februarie 2018 in die Hooggeregshof in Pretoria gelewer in ’n hofsaak teen die Lim 368 Plaaslike Munisipaliteit oor die swak wyse waarop die Naboomspruit-vullisterrein bestuur is, wat met koste in AfriForum se guns beslis is.

Die provinsiale departement van Bosbou, Vissery en Omgewingsake in Limpopo het geweier om opvolgvergaderings saam met AfriForum en die nasionale departement te hou. Die standpunt van die provinsiale regering is dat daar kriminele vervolgingsondersoeke aan die gang is. Dit is egter nie vir AfriForum genoeg nie, omdat die gemeenskap steeds gebuk gaan onder die slegte toestand op die terrein en dié stappe nie onmiddellike verligting bring nie. AfriForum is in die proses om ’n minagtingsaansoek teen die munisipaliteit en die provinsiale regering te bring in 2023.

## Uitdagings

Die wilskrag van die onderskeie regeringsfere is die grootste uitdaging as dit kom by die aanspreek en verbetering van hierdie kwessies. Dit wil voorkom of die nasionale regering die wilskrag het om ’n verbetering op plaaslike vlak te sien, maar die provinsiale en plaaslike regerings deel nie hierdie sentiment nie en/of besit nie die bevoegdheid om dit te doen nie.

Nog ’n groot uitdaging wat aan die lig gekom het is dat munisipaliteite nie bewus is van nuwe regulering van die munisipale-infrastruktuurtoelae wat aangewend kan word om die vullisterreininfrastruktuur (Geel vloot) te befonds nie. Hulle het ook nie voldoende kennis oor die verloop van die aansoekproses nie. Die toelae word deur die Departement van Samewerkende Regering aan munisipaliteite betaal. Hierdie veranderings kon munisipaliteite gehelp het om die nodige infrastruktuurverbeteringe uit die nasionale tesouriefonds te befonds, eerder as om plaaslike belastingbetalers onder meer druk te plaas. Die ander groot bekommernis is dat die geld nie vir die regte doel aangewend sal word nie omdat munisipale korrupsie so erg is en daar geen verantwoordelikheid daarvoor geneem word nie en daar geen nagevolge daarvoor is nie.

Uit die vergaderings wat aan die einde van 2021 gehou is met die onderskeie nasionale, provinsiale en plaaslike owerhede was dit duidelik dat daar min tot geen kommunikasie tussen die onderskeie departemente was nie.

Die nuutste kwessie wat nou op grondvlak begin kop uitsteek waarvan AfriForum bewus geword het, is dat baie terreine wat nog voldoende lugspasie het, kennisgewings ontvang om te sluit en daar dan beoog word om gesamentlike distriksterreine vir tussen drie tot vier dorpe oop te maak. Die skep uiteraard vir die munisipaliteite wat betrokke is by so plan ’n hele nuwe stel uitdagings.

# Aksieplan

Na aanleiding van die 2023-verslag is verskeie kwessies aangeroer by munisipaliteite regoor die land wat vir afvalbestuur verantwoordelik is.

Verskeie munisipaliteite wat nie in die tydperk 2014–2023 aan die minimum vereistes voldoen het nie, het ook nie op die briewe gereageer wat AfriForum aan hulle gestuur het oor die wanbestuur van vullisterreine onder hulle beheer nie. Dié briewe is aan al die munisipaliteite gestuur wat in 2022 nie aan die minimum vereistes voldoen het nie. Sommige het sedert die 2022-oudit selfs verswak. AfriForum sal hulle vordering moniteer en strenger optree om te verseker dat daar aan die minimum vereistes voldoen word.

AfriForum het die vullisterreinkwessie in 2022 geopper tydens elke munisipaliteit se openbaredeelnameproses vir die geïntegreerde ontwikkelingsplan. AfriForum-takke het ook aksielyste van vullisterreinkwessies opgestel en aan munisipale bestuurders oorhandig om te hanteer. Op dié wyse wil AfriForum verseker dat die betrokke munisipaliteite in die komende finansiële jaar voldoende begroot om in die onderskeie gemeenskappe se vullisstortingsbehoeftes te kan voorsien.

Die 2023-verslag sal as standaard gebruik word waarteen dieselfde infrastruktuur in al die ander AfriForum-takke in 2024 gemeet sal word.

Die proses om nakoming te verseker, sluit die volgende in:

1. ’n Omvattende prestasierekord of papierspoor is begin om van spesifieke terreine rekord te hou.

2. Nienakoming sal aangespreek word in ’n brief wat ’n omvattende aksieplan van die verantwoordelike munisipaliteit eis. Die munisipaliteit moet aandui hoe en teen watter datums hulle aan die vereistes sal voldoen ten opsigte waarvan hulle tans in gebreke bly.

3. Takstrukture moet deelneem aan die geïntegreerde ontwikkelingsplan om te verseker dat die papierspoor so deeglik as moontlik is.

4. Provinsiale departemente het die verantwoordelikheid om vullisterreine te moniteer, wetstoepassing af te dwing en lisensies vir ongelisensieerde vullisterreine uit te reik. AfriForum sal voortgaan om druk op die provinsies te plaas om hul pligte uit te voer.

5. Indien munisipaliteite versuim om die kwessies op te los, sal regstappe gedoen word en die moontlikheid bestaan dat ’n strafregtelike saak teen die betrokke administratiewe amptenaar geopen kan word.

6. AfriForum sal ook verplig wees om vullisterreine wat nie aan die minimum vereistes voldoen nie, self te rehabiliteer en die geld van die betrokke munisipaliteit terug te eis.

7. Hierdie verslag sal ook aan die Groen Skerpioene (Engels: *Environmental Management Inspectors* of EMI) oorhandig word vir die verdere ondersoek van vullisterreine wat nie aan die minimum vereistes voldoen nie.

8. Daar is ook ’n generiese kримineleklagtestaat opgestel wat kan gebruik word om die betrokke munisipaliteite en munisipale bestuurders aan te kla vir hul growwe nalatigheid. Neem kennis dat die minimum vereistes nie afdwingbaar is nie. Dit word eers afdwingbaar wanneer dit in lisensies vervat is. Die blote nie-nakoming van die minimum vereistes is dus nie vervolgbaar nie, tensy bewyse van omgewingsbesoedeling bestaan.

9. Die 2023-verslag – wat agt jaar se vullisterreinrekords bevat – sal aan die minister en die departement oorhandig word om strategieë te bespreek en in werking te stel om die probleme op te los.

10. AfriForum gaan ook poog om in 2023 vullisterreine deur middel van openbare/privaat-vennootskappe te bestuur of om die proses te fasiliteer tussen die staat en privaat maatskappye wat geskik is om die werk te doen.

AfriForum glo dat munisipaliteite en die betrokke departement sal moet saamwerk om hierdie belangrike kwessies op te los en ’n veilige en gesonde omgewing vir almal in Suid-Afrika te verseker.

AfriForum sal voortdurend nuwe tegnologie ondersoek met betrekking tot alternatiewe vir vullisterreine en sodoende poog om verligting te bring vir die oorgebruik van vullisterreine sodat nie alle vullis op die terreine eindig nie. Die organisasie sal ook enkele voorstelle maak in hierdie verband.





# Alternatiewe oplossings vir vullisterreine

AfriForum gee ook vooruitsigte van moontlike oplossings wat daar tans in die wêreld beskikbaar is. Die oplossings het sowel voordele as nadele maar kan bydra om die nadelige gevolge van vullisstorting te verminder. Moontlike alternatiewe oplossings sluit in:

- **Afval tot energie**
- **Ekobakstene**
- **Plastiekpaaie**
- **Herwinning**
- **Sortering by die bron ("seperation at source")**
- **Anaerobiese vertering ("anaerobic digestion")**
- **Kompos**

## Herwinning

Herwinning is 'n groeiende bedryf wat help dat minder rou grondstowwe in die vervaardiging van produkte gebruik word, deurdat dit grondstowwe uit herwinbare bronne aan vervaardigers lewer. Dit voorkom onnodige storting van bruikbare materiaal in vullisterreine, verlig die tempo waarteen terreine vol raak en sorg vir 'n mooier omgewing. Herwinning het 'n baie groot bron van inkomste geword in Suid-Afrika. Daar is elke dag herwinbare materiaal wat mense in hul vullissakke gooi en waarvan hulle vergeet. AfriForum het begin met 'n herwinningsprojek in Centurion, Pretoria, wat elke maand meer momentum kry.




*'n Straat word herstel met plastiek in Jeffreysbaai.*

## OPV's

'n Openbare/privaat-vennootskap (OPV) is 'n langtermynooreenkoms tussen 'n staatsinstansie



*AfriForum se herwinningsprojek in Centurion*

soos 'n munisipaliteit en 'n privaat entiteit, wat in die meeste gevalle 'n geregistreerde maatskappy is. OPV's het ten doel om finansiële en operasionele risiko's te verdeel tussen die staatsinstansie en privaat sektor, met gedeelde voordele. Dit is 'n vennootskap wat op verskeie modelle geskoei kan word. Sommige OPV's is op die kort termyn gefokus en gewoonlik word die finansiële risiko's in sulke vennootskappe deur die staat gedra. Langtermynvennootskappe vorm wanneer die beleggingsinset van die privaat vennoot baie meer is as dié van die staat, om te verseker dat die privaat vennoot opbrengs op sy belegging sal realiseer. In die geval van diensleweringsvennootskappe word die operasionele risiko dikwels na die privaat vennoot verskuif. Hierdie tipe OPV is gewoonlik van relatief korte duur.

Munisipaliteite bevind hulself in 'n snel veranderende tegnologie-omgewing en kan vanweë mededingingskoste nie altyd toegang tot sulke tegnologie bekom nie. Rolspelers in die privaat sektor, daarteenoor, bevind hulle in 'n mededingende omgewing en maak gebruik van bewese bestuursprosesse en tegnologie. 'n OPV skep die ideale geleentheid om die kloof wat hier bestaan doeltreffend te oorbrug.

Sonder om die wiel te herontdek, kan ervaring, kundigheid en die gebruik van bewese tegnologie gedeel word, wat kostedoeltreffend vir staatsinstansies sal wees. Vir die publiek beteken dit beter en kostedoeltreffende dienste wat ruimte behoort te laat vir die lewering van nog dienste.

# Wat sê die kenners?

AfriForum het in gesprek getree met twee spesialiste in afvalnavorsing, professor Linda Godfrey en professor Suzan Oelofse van die WNNR.

1. Volgens hulle word die belangrikheid van 'n breërstelselperspektief tot die bestuur van munisipale afval toenemend sigbaar. Begin deur die basiese goed reg te doen – verbeterde vullisversameling, die skoonmaak van stede en die bekamping van rommelstrooiing en onwettige storting ('n toenemende probleem in SA).
2. Die veilige bestuur van afval aan die einde van die siklus is belangrik – nakomende vullisterreinhantering.
3. Alternatiewe vullisbehandelingtegnologieë moet ondersoek word – veral vir stowwe wat maklik herwinbaar is soos organiese afval, bourommel en papierverpakking.

Hulle sê die manier waarop vullisterreine bestuur word moet verbeter word en daar is volgens hulle drie kwessies wat in ag geneem moet word:

1. Verbeterde toepassing van wetgewing op alle openbare en private stortingsterreine om nakoming te verseker en besluitneming oor watter aksie geneem moet word om die werking van die stortingsterreine te verbeter.
2. Die fasilitering van meer wesenlike openbare/privaat-vennootskappe. As dit reg geïmplementeer word, sal munisipaliteite as skeidsregter kan optree en sodoende die verbeterde werking van vullisterreine binne die nakoming van lisensievoorwaardes (bv. deur boetes) verseker, terwyl hulle ook strategieë vir die herleiding van afval in kontrakte kan inwerk (bv. deur insentiewe te hê vir die herleiding van afval vanaf stortingsterreine.)

3. Die mobilisering van kapitale uitgawebefondsing op nasionale vlak vir die rehabilitasie en sluiting van vullisterreine, of ontwikkeling van nuwe selle met die inagneming van wetlike vereistes.

4. Munisipale vullisverwyderingsdienste wat nie die behoeftes van die betrokke gemeenskap aanspreek nie, dra by tot onwettige storting. Dit is daarom noodsaaklik om gemeenskappe te raadpleeg in die soeke na oplossings om gebrekkige afvaldienste aan te spreek.



*Lugfoto van die Soshanguve-vullisterrein*

# Samevatting

AfriForum se vullisterreinouditprojek toon daar is 'n behoefte aan politieke wilsbesluit om afval volhoubaar te hergebruik, te herwin en te verminder, en die infrastruktuur vir afvalbestuur te onderhou en bestuur. Die minister van Bosbou, Vissery en Omgewingsake (destyds Omgewingsake) is oorspronklik in 2016 genader om die gebrekkige kommunikasie op plaaslikeregeringsvlak te hanteer en 'n politieke wil op grondvlak te skep. Die hartseer deel hiervan is dat daar tot op hede geen verandering plaasgevind het nie.

Uit die 2023-ouditverslag is dit duidelik dat, net soos met watergehalte en -voorsiening, daar ook 'n toename is in die verval van munisipale infrastruktuur. In 2023 se vullisterreinouditprojek het 17,5% van munisipaliteite aan die minimum vereistes voldoen. Dit dui op 'n 1.5%-daling in vergelyking met 2022 waar 19% van munisipaliteite aan 80% of meer van die minimum vereistes vir vullisterreine voldoen het.

Hierdie syfers is egter onaanvaarbaar en die meeste stortingsterreine in Suid-Afrika is op die punt om totaal te verval. Uit vergaderings wat gehou is deur AfriForum oor samewerking op nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsvlak, blyk dit ook duidelik dat daar gebrekkige kommunikasie tussen die verskeie regeringsvlakke is. Dit het uit die vergaderings duidelik geword dat die provinsiale en plaaslike regerings meningsverskille gehad het en dat die plaaslike owerhede geen terugvoer verskaf aan die provinsiale departemente nie. Sekere aspekte het dit duidelik gemaak dat die nasionale regering beheer verloor het oor plaaslike owerhede. Die bekommernis is ooglopend in elke dorp as 'n mens die totale bestuur van munisipale dienste in ag neem. In die meerderheid gevalle waar munisipaliteite faal in hulle pligte om die terreine te bestuur, is die departement se oplossing om direktiewe te rig aan die munisipaliteite en dit op te volg met kriminele vervolging. Die groot probleem met die kwessies is dat dit nie 'n daadwerklike verskil op grondvlak maak nie en ook baie lank duur om opgelos te word. As sake in die hof draai is dit ook indirek belastingbetalers wat die koste daarvan dra.

In sekere gevalle weier die provinsiale departemente om samewerking te gee vir die projek en gee hulle ook nie gehoor aan die nasionale departement se versoeke nie.

Die eenvoudige verduideliking vir hierdie situasie is die feit dat die DFFE deur drie verskillende sfere van regering beheer word. Die nasionale departement het slegs bevoegdheid om op nasionale vlak wette, beleid en norme en standaarde vas te stel. Hulle het geen bevoegdheid op provinsiale of munisipale vlak nie. Die provinsie rapporteer aan die provinsiale LUR, nie aan die minister nie.

Munisipaliteite rapporteer aan die burgemeester as politieke hoof, nie aan die provinsiale of nasionale owerhede nie.

Elke regeringsfeer het sy eie politieke agenda en die amptenare moet die politieke leiers op die vlak waar hulle werk, gelukkig hou. Dit veroorsaak wrywing en teenstrydighede en is deels 'n verklaring vir die huidige kwessies waarmee Suid-Afrikaners worstel. Boonop vereis die Grondwet samewerkende regering. Nasionale departemente is daarom huiwerig om teen provinsies en munisipaliteite op te tree. Hulle neem eerder 'n "ouboet"-rol aan en probeer deur mentorskap en raad hulle provinsiale en munisipale eweknieë help.

Die chaos waarin die land hom bevind kan dus gedeeltelik toegeskryf word aan die politieke strukture wat daargestel is om desentralisering van magte te bevorder.

Wanbestuur van vullisterreine word deur verskeie faktore veroorsaak, waaronder:

- **korrupsie**
- **gebrek aan politieke wil**
- **ontkenning van aanspreeklikheid en gebrek aan leierskap**
- **gebrek aan die nodige afvalbestuursvaardighede**
- **volslae minagting van die betrokke wetgewing en natuurlike omgewing**
- **onvoldoende fondse vir rehabilitasie**
- **wanbesteding van fondse**
- **die lae prioriteit wat aan vullisterreine geskenk word**
- **geen nagevolge vir minagting van wetgewing nie**

Die verslag toon ook dat nie een van die onwettige vullisterreine (terreine wat nie oor 'n lisensie of afvalbestuursplan beskik nie) aan die minimum wetlike vereistes voldoen nie; tog hou munisipaliteite vol om dit as stortingsterreine te gebruik. Geen tot min herwinning word op hierdie vullisterreine deur die munisipaliteite gedoen, en dit dra grootliks by tot risiko's vir mense se gesondheid en die omgewing. Hierdie probleem moet dringend aangespreek word. Daar was veranderinge aangebring aan die departement se webtuiste vir vullisterreine, maar die lisensie-inhoud en munisipale allokasie van lisensies is nie akkuraat nie, dus kan dit ook wees dat lisensienommers verskil. Die ander groot kommer wat uitgewys is, is dat die munisipale werkers nie weet van hulle eie lisensievereistes nie.

Die verslag toon dat daar 'n toenemende hoeveelheid asblikgrouers op terreine begin bly en dat baie van die terreine in gemeenskappe te gevaarlik is vir inwoners om te betree. Die raak 'n reuseprobleem. Hierdie jaar toon die verslag ook hoeveel asblikgrouers daar per terrein is. Ons het ook die ses nuwe vrae aan elke vullisterreinbestuur gevra. Die grootste bekommernis is dat die meerderheid munisipale beamptes glad nie aan ons die data kon verskaf wat deel vorm van die munisipale vullisterreinbestuur nie. Slegs 20 terreine uit die 160 kon vir ons deeglike data gee oor hulle monitering. Dit is 'n bewys dat die vullisterreinbestuur in Suid-Afrika op die randjie van 'n totale ineenstorting is. AfriForum se strukture is ook op sekere terreine toegang geweier deur munisipaliteite ten spyte daarvan dat die minister die projek goedgekeur het en ingestem het tot samewerking op die projek.

Die merkwaardigste waarneming is dat verskeie terreine gesluit het; ook dat sommige terreine wat nog operasioneel is volgens hul lisensies reeds moes gesluit het. Dit wek kommer omdat dit beteken dat daar in sekere dorpe of stede nie meer vullisterreine bestaan nie – wat bes moontlik tot onwettige storting gaan lei. Daar is ook geen aanduiding dat nuwe terreine geïdentifiseer is nie.

Die verslag toon egter dat sukses behaal word in die hantering van sekere probleme. Dié sukses word toegeskryf aan vier belangrike elemente:

1. In gemeenskappe waar AfriForum-takke doeltreffend





*Lugfoto van 'n natweersel*

by die vullisbestuur van die plaaslike munisipaliteit betrokke is, verrig die gemeenskap outomaties 'n waghondfunksie. Dit verhoog die deursigtigheid van die munisipaliteit se dienste en verbeter sodoende die bestuur van vullisverwerking in die algemeen.

2. Die gemeenskap se deelname aan die demokratiese proses word verbeter deur aandrang op byvoorbeeld die munisipaliteite se verpligtinge om forums te skep waar die gemeenskap insette kan lewer en werksaamhede krities kan ontleed. Hierdeur word druk toegepas sodat die munisipaliteite hul grondwetlike verpligting, te wete die volhoubare bestuur van 'n vullisterrein, nakom en jaarliks progressief daarop verbeter.

3. Die provinsiale departement se rol as moniteerder, wetstoepasser en lisensieerder is kardinaal vir die verbetering van vullisterreinbestuur op plaaslike regeringsvlak. Deur die provinsiale reguleerders by AfriForum se jaarlikse vullisterreinouditprojek te betrek, word samewerking tussen die onderskeie AfriForum-takke en die provinsiale departement bevorder. Dit dwing ook die provinsie om sy grondwetlike verpligtinge na te kom, waar dit in die verlede moontlik agterweë gelaat is. AfriForum gaan nou saam met die nasionale departement werk om van die vullisterreine te herstel en ook te kyk na die moontlikhede van OVP's.

4. AfriForum oorweeg deurentyd nuwe tegnologie en alternatiewe maniere waarop die funksionering van vullisterreine verbeter kan word, asook alternatiewe tot vullisterreine.

Laastens is die fokus op die nasionale regering se grootste bydrae: algehele toesig oor die ander twee regeringsfere en die skep van wetgewende en regulatoriese raamwerke waarbinne Suid-Afrika sy vullisbestuurstrategieë moet vervat en standaarde moet opstel. Die uitdaging is om hierdie drie regeringsfere en die gemeenskappe byeen te bring en in harmonie te laat funksioneer om die land se vaste afval volhoubaar te bestuur.

AfriForum is besig om te ondersoek hoe daar internasionaal meer druk geplaas kan word op die Suid-Afrikaanse regering en 'n aankondiging daaroor sal binnekort gemaak word. AfriForum sal voortgaan om die vullisterreine te moniteer wat geoudit is en alternatiewe vir behoorlike afvalbestuur in Suid-Afrika ondersoek.



# MUNISIPALE-VULLISTERREIN-OUDITVERSLAG

AfriForum